Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

Nuusbrief

Geagte Ouers

VERJAARSDAE

30 Oktober – Marietjie Stofberg

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Work for a cause, NOT for applause. Live life to express, NOT to impress.

KENNISGEWING: GELDE 2019



Die bedrag van **R8 823.00** per jaar ten opsigte van **skoolgelde vir 2019**, is goedgekeur op die begrotingsvergadering gehou op 24 Oktober 2018. **Notageld vir 2019** beloop **R500.00** per jaar. **Verbruikerstudiegelde vir 2019** beloop **R80.00** per kwartaal.

SKOOL VERDAAG VROEëR

Neem asseblief kennis dat die skool op **Vrydag, 2 November** om **12:45** sal sluit vir alle leerders as gevolg van 'n spanbousessie vir onderwysers en SBL-lede.

KLEUREATLETIEK REëLINGS

Aangesien die atletiekprogram op Donderdag, 1 November reeds om **07:30** begin, kom deelnemers met hul sport-/atletiekklere direk na die sportgronde toe. Leerders wat nie deelneem nie, moet hul volle somerskooldrag aanhê.

KONSERT

Ons wil graag almal wat betrokke was by die konsert hartlik bedank vir julle harde werk en toewyding. Dit was 'n groot sukses en die belangrikste is dat die kinders dit geniet het! Die DVD sal binnekort beskikbaar wees – ons sal u op hoogte hou.

GRAAD R

OUPA- EN OUMADAG

Datum: 2 November 2018
Plek: Graad R-klas
Tyd: 10:00 – 12:00

OPEDAG

Datum: 9 November 2018
Plek: Graad R-klas
Tyd: 10:00 – 11:00

SPORT

o.13 KRIEKET

In hul eerste ligawedstryd van die seisoen toon Goudini dat daar ongeslypte diamante is wat met 'n bietjie slypwerk goeie krieketspelers gaan word. Die seuns het naelskraap verloor, maar wel die besoekers laat sweet vir 'n oorwinning.

MINI-KRIEKET

Op Saterdag, 13 Oktober het ons mini-krieket maats deelgeneem aan HS Bonnievale se jaarlikse SANLAM mini-krieketdag. Ons maats het pragtig gespeel. Julle maak ons trots!

Op Saterdag, 20 Oktober het ons mini-krieket maats deelgeneem aan HS Grabouw se mini-krieketdag. Die o.8 span het twee wedstryde gespeel waarvan hulle een gewen en een verloor het. Die o.9 maats het drie wedstryde gespeel waarvan hulle twee gewen en een verloor het. Welgedaan, seuns!

TOP 10 ATLETIEK

Op Saterdag, 20 Oktober het ses van ons atlete aan die Top 10 atletiekbyeenkoms op Bredasdorp gaan deelneem. Die uitslae was as volg:

Shandré Cuttings	-	100m	-	2de plek (silwer medalje)
Micaela Pietersen	-	1 200m	-	8ste plek
Andrya Stofberg	-	Hoogspring	-	2de plek (silwer medalje)
Keshaan Heunis	-	100m	-	3de plek (brons medalje)
Breyton Cupido	-	100m	-	7de plek
Damian Thomas	-	1 200m	-	4de plek



Baie geluk aan hierdie leerders!

JUKSKEI

Op Saterdag, 20 Oktober het 12 van ons jukskei leerders aan 'n jukskei toernooi te Worcester deelgeneem. Die volgende leerders is gekies om vanaf 8 – 14 Desember die Kaapse Wynland by die SA Junior Kampioenskappe te Kroonstad te verteenwoordig:

Meisie o.19 span:	Judy Arendse
Meisie Akademiespan:	Maroné Willemse
Seuns o.19 span:	Wilfred Jacobs; Rewalton Daniels

Baie geluk met die pragtige prestasie!

GRAAD 4 INLIGTINGSAAND

Daar vind op Woensdag, 7 November om 18:00 'n Graad 4 inligtingsaand vir alle Graad 3-ouers in die mediasentrum plaas.

KLEUREATLETIEKBYEENKOMS

Op Donderdag, 1 November vind ons jaarlikse kleureatletiekbyeenkoms plaas. Ons verneem graag of daar ouers is wat vir ons sambrele en/of gazebos kan leen vir die dag. Ons benodig ook twee ouers om as beamptes by die hoogspring op te tree.



GRAAD 7 HOENDERBRAAI

Daar sal tydens die kleure-atletiek wat op Donderdag, 1 November plaasvind, weer 'n hoender wegneemete wees. Die ete sluit 'n gunsak, wors, noedelslaai en pynappel-wortelslaai in en die prys beloop R55. Die Graad R – 3 leerders kan hul betalings by Mev Jannike Viljoen maak en die Graad 4 – 7 leerders by Me. Mart-Mari de Lange. Kaartjies is tot Dinsdagoggend, 30 Oktober om 08:00 beskikbaar. **Etes kan op Donderdag, 1 November tussen 12:00 en 16:00 by die klubhuis afgehaal word.**

A P HANEKOM
Skoolhoof
26 Oktober 2018